

## Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:1, 2

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,  
deur wolke en donkerheid omsweewe, / sy wet op Horeb het gegee:
- 2 Ek is die HEER, jou God en Koning, / wat uit Egipte jou bevry;  
jou uitlei uit jou slaafse woning: / dien dan geen gode buiten My.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

## Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 2)

- 1 Die HEER is God, 'n eenige HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,  
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.  
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.  
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!  
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?  
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,  
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

## Gebed

### Psalm 81:9, 10, 11 (p. 412)

- 9 Neig, my volk, jul oor, / – dis wat Ek getuig het – / neig jul oor en hoor:  
Ag, as Israel / maar op my bevel / voor my woord gebuig het!
- 10 Onder jul mag geen / afgodsbeeld verrys nie: / Ek is God alleen!  
Jul mag god of heer / wat die nasies eer, / met geen lofstem prys nie.
- 11 Ek is God en HEER / wat die volk bevry het – / Ek en niemand meer!  
Wat jul deur my hand / uit Egipteland / veilig uitgelei het.

**Skriflesing:** Jesaja 44:6-23; Romeine 1:18-32;  
Heidelbergse Kategismus, Sondag 34:94-95

**Kernvers:** Romeine 1:18

**God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtheid probeer onderdruk.** (Romeine 1:18 AFR1983)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

*Antwoord: Ek moet ter wille van my sieleheil en saligheid alle afgodery (a), towery, waarsêery, bygeloof (b), aanroeping van heiliges of ander skepsels (c) vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken (d), Hom alleen vertrou (e), my slegs aan Hom met alle nederigheid (f) en geduld onderwerp (g) en van Hom alleen alle goeie dinge (h) verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê (i), vrees (j) en eer (k). Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel (l).*

(a) 1 Joh 5:21; 1 Kor 6:10; 10:7, 14. (b) Lev 19:31; Deut 18:9, 10. (c) Matt 4:10; Op 19:10; 22:8, 9.

(d) Joh 17:3. (e) Jer 17:5, 7. (f) 1 Pet 5:5. (g) Heb 10:36; Kol 1:11; Rom 5:3, 4; 1 Kor 10:10; Fil 2:14.

(h) Ps 104:27; Jes 45:7; Jak 1:17. (i) Deut 6:5; Matt 22:37. (j) Deut 6:2; Ps 111:10; Spr 1:7; 9:10; Matt 10:28. (k) Matt 4:10; Deut 10:20. (l) Matt 5:29; 10:37; Hand 5:29.

## **Vraag 95: Wat is afgodery?**

*Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrouwe stel (a).*

*(a) Ef 5:5; 1 Kron 16:26; Fil 3:19; Gal 4:8; Ef 2:12; 1 Joh 2:23; 2 Joh 1:9; Joh 5:23.*

**Tema:** Die dankbare gelowige dien God alleen met sy hele lewe

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, elke liewe mens op aarde, of die mens nou in 'n stad bly en of hy verafgeleë op die platteland of miskien in 'n oerwoud bly, weet dat daar 'n God is. In elke liewe kultuur is daar een of ander beskrywing van 'n skepper wat die aarde en die diere en die mense gemaak het. Hierdie kennis oor die Skepper en God wat by elke mens bestaan, is deel van die algemene genade wat die Here – of soos ons in ons Dordtse Leerreëls bely, nog 'n bietjie van die lig van die natuur wat na die sondeval in die mens oorgebly het.

Die eerste mense wat die Here geskep het, was volmaak. Hulle het God volmaak geken en liefgehad. Daarom het hulle Hom ook alleen gedien en geëer op die mees volmaakte wyse. Maar met die sondeval het die mense hulleself van die lewende God losgeskeur. In plaas daarvan om aan God alleen gehoorsaam te bly, het hulle vir 'n oomblik na die Satan geluister. En as gevolg van hierdie een onbesonne oomblik in die lewe van die mensdom het daar 'n ongekende afstand tussen die mense en God gekom. 'n Afstand wat bitter slegte nagevolge vir die mensdom ingehou het.

Die afstand tussen die mense en God het veroorsaak dat mense na God soek. Die mens wil iemand groter en sterker as hyself hê na wie hy kan opsien, aan wie hy eer kan bring en selfs kan aanbid. Die mens soek, want God het die besef dat Hy bestaan in die mens se gedagtes laat oorbly. En nou laat God Hom ook nie onbetuig aan die soekende mensdom nie. Die Here getuig in Romeine 1: **Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is.** In die natuur en in die werke wat God nog steeds in die natuur doen, gee die Here aanwysers dat Hy daar is, dat Hy werklik bestaan.

Die vraag is nou, wat maak die mense met die kennis van God wat Hy so deur die natuur binne die bereik van elke mens bring? Ons wat die Here ons God deur sy Gees en Woord al leer ken het, het ook al geleer om met die Bybel as ons bril na die natuur te kyk. Ons sien God se handewerk raak in die prag van die lentebloeië en ons sien ook sy magtige hand raak in die verwoesting wat 'n tornado kan aanrig. Ons is bevoorreg dat die Here ons gelei het om Hom deur die Bybel in die natuur te sien werk.

Maar daar is sovele ander mense wat met hulle slimmigheid en vermeende verstandigheid nie God se bestaan wil erken nie. Hierdie mense meen hulle is wys sonder dat hulle agterkom dat hulle dwaas is. In plaas daarvan dat hulle die Skepper, die enigste lewende God erken en aan Hom die eer toebring, reken hulle dat die skepsels die mag en vermoëns het wat aan God behoort. Paulus sê die mense onderdruk die kennis van God sodat dit geen positiewe rol by hulle speel nie. Dan dwaal hierdie mense nog verder. Hulle begin die dinge in die natuur as afgode te dien. In die geskiedenis weet ons dat die son en die maan aanbid is. Selfs diere, voëls, mense en slange is afgebeeld omdat die mense gereken het dit is hulle god.

Nou maak die Here in Jesaja 44 eintlik 'n bespotting van die mense wat hulle tot afgode wend. Waar in die wêreld het jy nou al ooit gesien dat 'n dooie stuk hout jou kan red. Die hout beeld het wel oë, maar hy kan jou nie raaksien nie. Hy het ore, maar hy hoor nie een van jou smeekbede nie. Hy het 'n mond, maar kan nie sy aanbidders troos in hulle nood nie. Sulke gode moet rondgedra word, sê die Here op 'n ander plek, want alhoewel hulle bene het, kan hulle nie loop nie.

Geliefdes, dit is omdat die Here ons liefhet en omdat Hy ons teen onself wil beskerm dat Hy sy Tien

Gebooië juis met hierdie gebod as die eerste gebod begin: **Jy mag naas My geen ander gode hê nie**. Die Here ons God is die enigste God. Hy is die Eerste en die Laaste. Buiten Hom is daar geen god nie. Dit wat die mense as gode sien, is uitvindings van hulle eie dwalende gedagtes. Daardie afgode is die slegte vrugte van hulle verdraaide opvattinge. Die Here wil die mens van sy eie gekheid en dwaasheid beskerm. Daarom sê Hy heel eerste in sy wet: Ek is die enigste God. Jy mag naas My niks anders as god vereer of dien nie.

Nou kan iemand redeneer, maar ons hou ons mos nie meer met sulke dwaasheid besig nie. Ons is een en twintigste eeuse Christene. Ons gaan tog nie voor 'n dooie beeld buig en vra: Red my, nie. Buitendien, ons ken die Here as die lewende en almagtige God. Broers, susters en kinders, voordat ons nou maklik tot die gevolgtrekking kom en sê dat ons die eerste gebod 100% gehoorsaam, moet ons net eers weer luister hoe ons dit in antwoord 95 bely. Afgodery is nie net om in die plek van God 'n afgodsbeeld te hê nie, maar dit is ook om **naas Hom iets uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel**. Die Here sê dit immers in sy wet ook so: **Jy mag naas My geen ander gode hê nie**. En die dinge waarop ons mense tog so maklik ons vertrou kan stel naas God, is so alledaags en binne ons bereik. Kyk maar 'n bietjie, daar is mense onder ons wat as hulle nie geld het nie, maklik bedruk en swartgallig word. Maar as hulle beursie 'n bietjie bult, is hulle vrolik en opgewek. Waarop vestig so 'n mens sy of haar vertrou, blydskap en geluk? Op geld en rykdom, niks anders nie. Waarvandaan verwag so 'n mens voorspoed? Van besittings, niks anders nie. Is dit nie dan ook maar 'n afgod naas God nie, want so 'n mens kan nie of wil nie sy en haar vertrou net in die Here stel nie?

Of nog hierdie afgodery waaraan meer mense dalk skuldig is: Ons kan tog so maklik ons verknog voel aan 'n persoon of persone. En as daardie persoon of persone nie meer daar is nie, voel dit asof ons hele wêreld in duie stort. Ons praat maklik oor die meerderheid mense van ons land wat vir oudpresident Mandela as 'n soort verlosser beskou. Ons praat maklik oor die meerderheid mense wat hulle sieleheil van 'n hedendaagse politieke stelsel verwag. Maar het ons Afrikaanse mense en ons Christene nie ook maar in die verlede so gemaak nie? Daar is nou nog mense wat 17 jaar na die bewindsverandering in ons land magteloos en ontnugter voel. Omdat dit nie meer 'n blanke of 'n Afrikaanse regering is nie, voel hulle nog steeds magteloos en sien hulle geen toekoms meer vir hierdie land nie.

Maar net so erg: Baie Christene was vroeër minder uitgesproke oor pornografie of handeldryf op Sondae. Ons het nie sommer in die verlede gepraat nie, want ons het in 'n gemaksone verval – die regering van destyds het mos sommer die kerk se werk ook gedoen. Die regering het met wette die orde gehandhaaf rakende hierdie sake. En nou dat ons 'n ander regering het wat hom nie net vir die Christene se waardes beywer nie, staan ons baie maal met 'n mond vol tande. Ons weet nie wat om te sê nie en ons weet nie hoe om profete teenoor die regering te wees nie. Ons was verknog aan 'n regeringstelsel wat ons Christene se werk gedoen het en maklik aanvaar het dat die regering ons waardes in stand sal hou.

Miskien kan sommige van ons sê dat ons nie op geld en besitting ons vertrou vestig om gelukkig te wees nie. Andere kan miskien sê dat hulle nie aan persone of instansies verknog is nie. Maar, en dit is die skerp punt van hierdie gedeelte in Romeine, niemand van ons staan heeltemal onskuldig ten opsigte van die eerste gebod nie. Dit lei ons af uit twee woorde in vers 18, naamlik *goddeloosheid* en *ongeregtigheid*. Goddeloosheid is daardie sondige drang in die mens om god oor sy eie lewe te wees. Ongeregtigheid is 'n gebroke lewe waarin mense vanself elke keer maar weer verkeerd doen.

En as ons nou baie eerlik met onself gaan wees, sal ons hierdie dinge in ons eie lewe ook raaksien. Elke keer wanneer ons besluit om in hierdie of daardie situasie te maak soos wat ons wil – ons gaan ons nie nou steur aan wat die Here ons beveel nie – is ons goddeloos. Op daardie oomblik wil ons dan god wees in ons eie lewe. Ons vertrou nie die Here se oordeel oor sake nie, maar ons eie oordeel daaroor. Nie God se wil nie, maar my eie sondige begeertes maak ek die maatstaf vir my lewe in daardie oomblik. Wie dien ons dan, wie erken ons dan as god van ons lewe? Nie die Here die almagtige God nie, maar onself. So 'n ingesteldheid, lieve gemeente, lei tot selfvernietiging. Daarom is die mens eintlik sy eie grootste vyand.

Ons kan maar mooi oplet. Wanneer die eerste gebod vir ons minder belangrik word, wanneer ons God nie meer as God wil erken nie en nie alles wat goed is van Hom wil verwag nie, raak dit al makliker om elkeen van die ander gebooi te ignoreer. Kyk mooi, elkeen van die sondes wat Paulus van vers 24 af opnoem, hou met een of meer van die ander nege gebooi verband. As ons God nie as ons enigste, lewende God wil erken nie, gaan ons ons nie steur aan wat Hy verder vir ons sê nie.

Ter wille van ons sieleheil moet ons alles wat ons in die plek van God wil stel of naas God gestel het, vermy en daarvan wegvlug. Hoor u, ter wille van ons saligheid, ter wille van ons ewige lewe saam met God, moet ons al hierdie dinge vermy en ontvlug. God eis dat ons Hom alleen sal dien en liefhê met ons hart, gees, verstand en al ons kragte.

Om ons gehoorsaam aan hierdie eerste gebod te maak, het die Here nog verder gegaan om ons teen onself te beskerm. Omdat Hy sy enigste Seun oor ons goddeloosheid en ongeregtigheid aan die kruis vasgespyker het, het Hy sy Gees ook vir ons gegee. Die Heilige Gees laat ons die enigste, ware God reg leer ken deur sy Woord. Ons leer God in die Bybel ken as die almagtige, alomteenwoordige, alwetende God. Ons leer Hom ken as die Skepper van alles wat bestaan. Ons leer Hom ken as God wat Hom oor mense ontferm. Hy soek en red die mense. Hy het selfs sy eie Seun geoffer om ons te beskerm.

Is hierdie liefde en genade wat God aan my en jou geopenbaar het en steeds aan ons bewys, nie genoeg rede om op Hom alleen te vertrou nie? Ons kan God vertrou; Hy sal ons nooit om die bos lei nie. Hy sal nie 'n slang gee as ons vis vra nie. Hy sal ons nie tekort doen nie en Hy sal niks wat tot ons saligheid kan dien van ons weghou nie. Dit is juis ter wille van ons saligheid dat Hy ons beveel om Hom alleen met ons hele hart lief te hê, te vrees en te eer. Van Hom alleen kan ons alles verwag wat goed is.

Daarom kan ons die Here voortdurend smee om ons met sy Heilige Gees en Woord te lei sodat ons onself aan Hom kan onderwerp. Die Here wil sy Heilige Gees en genade alleen aan hulle gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank. Die Here wil hê dat ons Hom alleen met ons hele lewe sal dien en liefhê. Daarom sal Hy, as dit jou en my opregte begeerte is om Hom in alles te gehoorsaam, sy genade en sy Heilige Gees in ons laat werk sodat ons die eerste gebod hoe langer hoe meer sal kan gehoorsaam.

Amen!

Slotgebed

Psalm 73:11, 12 (p. 369)

- 11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?  
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aarde<sup>in</sup> kan verlustig?  
Beswyk dan ooit in bitter smart / of bange nood my vlees en hart,  
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my eewige goed.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.  
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.  
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.  
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
16 Oktober 2011